

Titel: Die roep van barmhartigheid
Pastor: Fred May
Datum: 11 April 2010
Tyd: 19:00



Jakobus 1:27 William Barclay

²⁷ This is pure and undefiled worship, as God the Father sees it, to visit the orphans and the widows, and to keep oneself unspotted from the world.

a: Vader van barmhartigheid

Eksodus 34:6 NV

⁶ Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: "Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou."

Efesiërs 2:4 OV

⁴ Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het,

Jesaja 63:9 OV

⁹ In al hulle benoudheid was Hy benoud...

Psalm 103:8-14 NV

⁸ Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. ⁹ Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. ¹⁰ Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie, ¹¹ want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien. ¹² So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. ¹³ Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien. ¹⁴ Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.

b: Die wet van vryheid

Jakobus 1:22-25 NV

²² Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself. ²³ Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk: ²⁴ hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. ²⁵ Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vry maak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen.

Jakobus 1:26 William Barclay

²⁶ If anyone thinks that he is a worshipper of God and yet does not bridle his tongue, his worship is an empty thing.

1. Ware aanbidding

Behels barmhartigheid EN waarheid, d.i. sosiale besorgdheid EN morele deug.

Spreuke 3:3-4 OV

³ Laat liefde en trou jou nie verlaat nie; bind dit om jou hals, skryf dit op die tafel van jou hart, ⁴ dan sal jy genade vind en 'n goeie insig in die oë van God en die mense.

2. Barmhartigheid ("mercy")

Medelye in aksie. Om die pyn of behoefte van ander te voel en daarop te reageer deur hulp te verleen.

3. Medelye ("compassion")

Beteken **letterlik om in jou ingewande geraak te word. Om op bonatuurlike wyse in staat gestel te word om ander se pyn te voel.**

Mattheus 9:36 OV

³⁶ En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie.

4. Die wet van vryheid

Die innerlike dryfkrag van liefde. Nie die eksterne druk van verpligting nie.

Mattheus 22:37-40 OV

³⁷ Jesus antwoord hom: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel" ³⁸ Dit is die grootste en die eerste gebod. ³⁹ En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' ⁴⁰ In hierdie twee gebooe is die hele wet en die profete saamgevat."

Miga 6:6-8 OV

⁶ Waarmee sal ek die HERE tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers? ⁷ Sal die HERE 'n welbehagê hê in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel? ⁸ Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?

c: Geleiers van barmhartigheid

1. Bewysde barmhartigheid verg gedeelde barmhartigheid.

Lukas 6:36 NV

³⁶ Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is.

I Petrus 2:10

¹⁰ Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.

2. Weerhoude barmhartigheid lei tot selfvernietiging.

Mattheus 5:7 NV

⁷ Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

Mattheus 6:14-15 NV

¹⁴ As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. ¹⁵ Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.

Mattheus 18:33-35 OV

³³ moes jy nie jou medediensknege ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie? ³⁴ En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. ³⁵ So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortreding vergewe nie.

d: Triomf van barmhartigheid

Jakobus 2:12-13 NV

¹² Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vry maak. ¹³ Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel.

- **Persoonlike oorwinning oor sonde**

Spreuke 16:6 OV

⁶ Deur liefde en trou word die skuld versoen, en deur die vrees van die HERE wyk 'n mens af van die kwaad.

- **Stel MEGA-genade vry**

Spreuke 19:17 OV

¹⁷ Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die HERE; en Hy sal hom sy weldaad vergelde.

Handelinge 4:32-35 NV

³² Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel. ³³ Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot oor hulle almal.

³⁴ Nie een van hulle het gebrek gely nie, want dié wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprijs daarvan gebring ³⁵ en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte.

Mattheus 25:34-40 NV

³⁴ Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, ³⁵ want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; ³⁶ Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' ³⁷ Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? ³⁸ En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? ³⁹ Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?' ⁴⁰ En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'

Jesaja 58:3-14 NV

³ Hulle vra: "Waarom vas ons, maar U sien dit nie, verootmoedig ons ons, maar U gee nie aandag daaraan nie?" Dit is omdat julle op die vasdae doen wat julle wil en die mense wat vir julle werk, nog harder laat werk. ⁴ Julle vasdae loop uit op twis en rusie, julle dam mekaar met die vuil by. Julle kan nie op hierdie manier vas en dan verwag dat julle gebed verhoor sal word in die hemel nie. ⁵ Is dit ál wat Ek op 'n vasdag wil hê: net dat 'n mens homself verneder, dat hy sy nek buig soos 'n biesie en in sak en as sit? Noem jy dit 'n vasdag, 'n dag waarvan die Here hou? ⁶ Is die vas wat Ek wil hê, nie dit nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? ⁷ Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie? ⁸ Dan sal die lig vir jou deurbreek soos die rooidag, jy sal gou herstel. Hy wat jou red, sal voor jou uit gaan, die mag van die Here sal agter jou aankom. ⁹ Dan sal jy roep, en die Here sal antwoord, jy sal om hulp roep, en Hy sal sê: Hier is Ek! As jy sorg dat mense nie meer by jou verdruk word nie, nie meer gedreig en vals beskuldig word nie, ¹⁰ as jy jou wy aan dié wat honger het, as jy voorsien in die behoeftes van dié wat in nood is, sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is, sal wat vir jou nag is, word soos die helder middag. ¹¹ Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie. ¹² Jou mense sal die ou puinhoue herbou, die fundamente herstel wat al geslagte lank bestaan. Jy sal bekend staan as 'n volk wat sy afgebreekte mure herbou, wat sy strate herstel sodat daar weer mense kan woon. ¹³ As jy nie op die sabbat oortree nie, op my heilige dag doen net wat jy wil nie, as jy die sabbat 'n vreugde noem, as jy die heilige dag van die Here in ere hou, as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie te doen net wat jy wil nie, en nie handel dryf nie, ¹⁴ sal jy vreugde vind in die Here. Ek sal jou die land weer in besit laat neem, Ek sal jou laat eet van die opbrengs van die land van jou vader Jakob. Ek, die Here, het dit gesê.